



HOËRSKOOL SWELLENDAM HIGH SCHOOL

Tel: 028 – 514 1361

Faks/Fax: 028 – 514 1329

E-pos/E-mail: swellies@telkomsa.net

17 Maart 2020

Beste Ouer/Voog

KENNISGEWING: KORONAVIRUS

Na aanleiding van die Staatspresident se aankondiging ten opsigte van die bekamping van die koronavirus, wil ons die volgende onder u aandag bring:

Die skool sluit op Woensdag 18 Maart 2020 om 11:00. Die skool se toetsreeks word afgehandel op Woensdag 18 Maart 2020 en daarna sal 3 periodes volg.

LW.: Daar is 'n roosterverandering. Die vakke wat op Donderdag 19 Maart 2020 geskryf sou word, skuif na Woensdag 18 Maart 2020.

Die skool heropen op Dinsdag 14 April 2020 om 07:30 met dag 3 op die rooster. (Indien die reëling verander sal ons u in kennis stel.)

Geen rapporte word hierdie kwartaal uitgegee nie. Rapporte word uitgegee op Vrydag 17 April 2020. Die kwartaalprogram word wel uitgegee op Woensdag 18 Maart 2020.

Alle sporttoere wat gedurende die vakansie sou plaasvind is gekanselleer. Geen verdere sportoefeninge vir die kwartaal nie.

Leerders moet asseblief poog om gedurende hierdie tyd by die huis te bly en so min as moontlik rondbeweeg in die dorp.

Waak daarteen om byeenkomste by te woon waar daar meer as 100 mense bymekaarkom.

Vermý dit om na ander dorpe/stede te reis.

Vermý kontak met ander persone wat griepsimptome toon. As jy griepsimptome toon bly verkieslik binne jou huis en rus.

Indien jy vermoed dat jy moontlik die virus opgedoen het, skakel die nasionale tolvrye nr. 080 0029 999 vir verdere stappe en inligting.

Moenie groet met 'n handdruk of drukkie nie.

Was gereeld jou hande met seep – vir minstens 20 sekondes lank.

Moenie aan jou gesig vat nie.

Moenie nies of hoes oor ander persone nie. Hou neus toe met elmboog as jy nies of hoes.

Om verlore kontaktyd in te haal word die Junie-Julie-vakansie met 7 skooldae verkort en die September-vakansie met 2 skooldae.

Raadpleeg die D6 communicator vir meer inligting. Die skool sal ook die D6 communicator gebruik om verdere inligting aan ouers bekend te maak.

Opvoeders sal ook reël dat enige ekstra werk of tuiswerk op die D6 communicator gelaai word, indien die opvoeders dit nodig ag. Leerders moet asseblief hierdie tyd vrugbaar by hul huise aanwend om te studeer en alle skoolwerk op datum te hou.

Baie sterkte en voorspoed in die tyd.

Dankie vir almal se samewerking.

Vriendelike groete.



Nicholas Pelser
SKOOLHOOF